Ps. 84: 1, 2.
" 118: 12, 13.
Ges. 91.

# Die Heiliging v.d. Sabbat

Patch 4 Okt. 1959.

Jes. 58: 1-14
Mark. 2: 23-28

Exodus 20: 8 - Gedenk die sabbatdag, dat jy dit heilig
Markus 2: 28 - Daarom is die Seun v.d. mens Here ook van die sabbat.

Meer as 700 predikante v.d. N.G. Kerk het die afgelope week in Bloemfontein vergader om hulle ~~ernstige~~ ernstige en biddende aandag te gee aan die Kerk- en Christusvervreemding binne die omvang van geledere van ons Kerk en volk. Hoe groot en ernstig hierdie vervreemding reeds is a ~~hoatter~~ afmetinge dit aangeneem het, kan maklik vasgestel word deur 2 duidelik-sigbare feite:

(1) Teenoor 34% v.d. lidmate wat eredienste getrou bywoon, woon 42% hulle selde by, terwyl 24% nooit meer Gods huis besoek nie.

(2) 'n Groot deel van ons volk die dag v.d. Here op een of ander manier ontheilig sonder die minste daaroor ongelukkig of skuldig te voel.

Alhoewel hierdie feite is die uiterlike simptome van 'n dieper Kwaad wat vreet a.d. siel van d. mens en die volk - die vervreemding van God en Sy Woord. Maar voordat ons die ems v.d. Kwaad nie insien nie, sal ons ook nie moeite doen om of ons maak om d. Kerk- en Christus-vervreemding i.d. geloof aan te durf nie.

Daarom wil ons stil kennis oor:

I. Die Viering v.d. Sabbat
II. Die Verkragting v.d. Sabbat
III. Die Herstelling v.d. Sabbat.

I Die Viering v.d. Sabbat: Na die eerste 6 dae toe God alles geskape het en gesien het dat dit goed was, het Hy op d. sewende dag gerus van sy arbeid – en d/me dan ook d. Sabbat ingestel. Die viering v.d. sabbat was dus 'n verordening wat vanaf d. skepping daargestel is en net weer in die 10 Gebooie bevestig is. In hd. gebod lê dan ook opgesluit Gods duid. opdrag a.d. mens om sy wet te eerbiedig deur een dag uit sewe te rus van sy daaglikse werk.

In d. loop van jare het d. Jode hd. gebod omvorm en verwring tot 'n lang + pynlike lys van menings en maniere waardeur die viering v.d. Sabbat 'n bloot vormlike, ~~wet~~ gestelde tradisionele karakter aangeneem het sonder inhoud of doel. Daarom moes Xtus kom om deur sy optrede die Sabbat nie te vernietig nie, maar te herstel – deur sy ware, goddelike waarde weer a.d. dag terug te gee as dag van ligg. rus, van geest. verkwikking, van aanbidding, van die diens van barmhartigheid. Geen willekeurige vryheid beoog! Juis dieper verantwd.!

Dis in die lig van hierdie voorbeeld van Xt. dat ons vaders in S. 38 v.d. H-K. in die 4e gebod lees die onderhouding v.d. Kerkdienste + katkisasie, die verkondiging v.d. Wd in d. eredienste, die gebruik v.d. Sakramente, die bediening v.d. gebede, die insameling vir d. armes terwyl ons so leer dat d. Sondag 'n voorspel word nie net vir d. weeksdag nie, maar ook vir d. ewige sabbat wat moet kom. Die kerngedagte is hier dat as die Xten die Sondag reg verstaan sal hy ontdek dat daar soveel is wat God van hom verwag om op d. Sondag te doen dat hy geen tyd of lus



sal hê om te vra: ~~wat~~ mag ek nie doen nie? Waar die Xten se verhouding tot God reg en suiwer is, daar sal vanself die viering v.d. sabbat reg en suiwer wees!

II Die Verkragting v.d. Sabbat: Ons sal die opdrag v.d. 4e gebod eers reg verstaan as ons begin nadink oor die vraag in hoeverre ons vandag hierdie gebod oortree?

a) Die wêreldling doen dit op sy manier: Hy steur hom nie aan God en sy gebod nie: die een dag is vir hom net die ander; en Sondag – die dag wat die Xtene met moeisame arbeid deur d. eeue deur d. wet as rusdag erken gekry het – word juis deur hom gebruik as dag van plesier, pret, ontspanning & genieting. Dis sy dag van alle dae.

b) Die Jood doen dit op sy manier: Die Jood van Xtus se tyd het die sabbat omskep tot 'n dag wat al sy geluk en seën ingeboet het – 'n dag van gebooie en verbiedinge wat dit 'n vervloekte dag gemaak het ipv hart v.d. week!

c) Die Xten doen dit op sy manier: Daarteenoor het d. Xten van vandag, (~~en~~ ingeslote duisende lidmate van ons kerk) toegelaat dat so geleidelik dinge ingesluip het in ons Sondagsviering wat 'n verkragting is van alle ware Sondagsheiliging. Ek noem u net 'n paar dinge wat vandag deur duisende lidmate van ons kerk op Sondae gedoen of toegelaat word sonder om 'n oomblik daaroor sleg te voel:

→ 'n rydag i.p.v. 'n rusdag, 'n kuierdag i.p.v. kerkgaandag; petrol koop, kafeete koop, koeldranke & roomys koop, werk aan karre en in tuine, visvang & piekniekmaak, onnodige oortydwerk op Sondae!

Sosen het h.d. dinge al gewoonte geword dat
baie lidmate afkoor lag as oor h.d. dinge gepraat
en dit as sonde aangedui word! // Ek dink hr.
net a.d. mededeling wat meer as een bevestig
het dat d. parkeermeters in ons dorp op 'n Sondag
aangesit is. As dit waar is, waarvan getuig
dit?

– Dink verder a.d. uitmerking wat h.d. handing
en voorbeeld v.d. blanke het op die nie-blanke:
op sy eerbied vir Sondag as rusdag, op sy agting
vir d. godsdiens v.d. blanke! Is dit 'n wonder
dat d. naturel & Indiër se sportdag in S.A.
Sondag is? (Ook omdat hulle Saterdae
nie betyds afkry af nie).

– U al daaraan gedink dat elke Xten wat
iets op Sondag koop wat Saterdag kan gekoop
word mede-aandadig is a.d. Sabbatsontheiliging van dd. mense wat op diens is?

– U al daaraan gedink dat een rede waarom die
wêreld die Sondag so hier is omdat ons as Xtene
dit baiekeer maak tot 'n dag v. beperking, van
ons kinders 'n tesise in Sondag te gee omdat
ons net sê wat nie gedoen moet word nie,
maar nie wys wat wel gedoen moet word?
Omdat ons self nie ^weete gewen om te verstaan wat die Sondag moet
mees en kan mees nie?

Eie vb. as ouers: ~~ons moet~~ – br. koop, lees,
doen!

## III Die Instelling v.d. Sabbat.

Maar, sal u vra, as dit dan so is, wat moet
ons doen? Wat is ons roeping as Xtene?

1) As owerheid: Die owerheid as draer v.d.
swaard, het hier 'n besondere roeping om deur
wetgewing en voorbeeld die dag v.d. Here te
heilig ~~sover as dit moontlik kan~~. Die rusdag
is van groot betekenis vir die volkslewe: dit
gee nuwe krag & sterkte aan sy onderdane.

2) As kerk: Hr. die owerheid is magteloos om
wette te maak en af te forseer wat die ~~Xtene~~
burgers v.d. land nie uit vrye wil onderhou
en uitvoer nie. Daar d. Kerk hier 'n groot
taak om die Xtene se gewete op te skerp, d.
wette te eerbiedig & d. owerheid se hande
te sterk.

vide onderhandelinge oor Sondagarbeid:
→ verknogtheid aan geld baie groter as aan God!

3) As gelowige: Hr. ook elke gelowige het 'n besondere taak: uit louter liefde tot God vrywillig
te gehoorsaam aan Gods Woord, ook wat die
heiliging v.d. Sondag betref. // Die toets wat ons
moet aanlê is nie: mag ek of mag ek nie?
hie: wat sê die Kerk of wat doen die ander
hie: Wat sê die Kerk of wat doen die ander
hie maar: Wat sal my liefde
hiervoor nie? Maar: Wat sal my liefde
vir Xtus my d. reg & plig gee om te doen?

N.B. ~~tot~~ Xtus my d. reg & plig gee om te doen?
Wie so teenoor die Here staan as Here v.d.
sabbat, sal enigiets vermy wat sy omgang
met God en die ~~sy~~ vryding & gees. ~~Karakter~~ Karakter v.d. Sabbat aantas of benadeel! Geen lysie van
moete en moenies nodig nie!

Waar d. liefde tot sy Here sterk is, waar die hart in aanbidding aan sy Here verbind is, daar sal die voorbeeld van sy Here vir hom tot rigsnoer wees – dié Here wat op d. sabbat d. Wd. verkondig, d. Kerk besoek het, d. siekes genees het, d. kreupeles gesond gemaak het, d. eensames vertroos & d. armes bemoedig het!